No 21 - 2013] Fifth Session, Fourth Parliament

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=========================

THURSDAY, 14 NOVEMBER 2013

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:17] Interpellations.

4. [14:55] Questions.

5. [15:40] Statements by Members.

6. [16:05] The Chief Whip moved: That the House rescinds the resolution adopted on 17 October 2013 with regard to the *Intellectual Property Laws Amendment Bill* [B 8 B - 2010], and confers the authority on the Western Cape's delegation in the NCOP not to support this Bill.

   Agreed to (ANC dissenting).

7. [16:11] The Chief Whip moved: That, notwithstanding Rule 161(3), the House considers the finalisation of the *Western Cape Unauthorised Expenditure Bill* [B 7 – 2013] should the principle of the Bill be approved.

   Agreed to (ANC dissenting).

8. Ms L Brown moved without notice: That the House extends its condolences to the family and friends of Dr Pat Gorvalla, a leading business woman, a former member of the Council of the University of the Western Cape and President of the Anglican Women's Fellowship (AWF), who passed away during the past week.

   Agreed to.

9. Mr J J Visser moved without notice: That the House notes that all three of the category winners of the Farmer of the Year competition hail from the Western Cape and thus congratulates Rossouw Cillie of Ceres, Witzenberg, who won the category of National Farmer of the Year, André Cloete, a farmer from the Overberg, who was crowned as winner in the category New Entrant to the Commercial Agriculture and Prof Nick Vink of the University of Stellenbosch, who has received the award of Agriculturalist of the Year.

   Agreed to.

10. Mr H P Geyer moved without notice: That the House congratulates Mr Cornelius Paulse on being nominated as the Western Cape Farmworker of the Year at a prestigious event at Stellenbosch on 25 October 2013.

    Agreed to.

11. Mr M Skwatsha moved without notice: That the House extends its condolences to the family, friends and comrades of former MK operative, Agnes Nokhatywa, who passed away in KTC.

    Agreed to.

12. Ms A Rossouw moved without notice: That the House congratulates Mr Marius Scholtz, school principal of Piketberg High School, on being nominated as one of the top ten teachers, and on the fact that he was crowned as the winner in the Excellence in High School Leadership category by the Western Cape Education Department on 9 November 2013. The House notes that Mr Scholtz's career spans more than 33 years. Under his leadership it has become the main focus of Piketberg High School to create a working and learning culture. He serves as an inspiration to fellow educators and to learners. We wish him well for his participation in the national competition.

    Agreed to.

13. Mr M C Walters moved without notice: That the House extends its congratulations to the Western Cape's Minister of Agriculture, Gerrit van Rensburg, who was recently inducted to the *Confrérie des Chevaliers du Tastevin* in Burgundy, France, in acknowledgment for his contribution towards the promotion of food and wine in the Burgundy region in France and further notes that this is Minister Van Rensburg's second accolade. He was also inducted to the *Commanderie du Bordeaux* in 2012 for his contribution to the South African wine industry and his work to promote South African wine in France.

    Agreed to.

14. Mr G C R Haskin moved without notice: That the House congratulates Sister Maria Goodier of Ruyterwacht, on receiving the annual Cecilia Makiwane Nursing Award, and applauds her lifetime of dedication and selfless service to the people of the Cape, wherever she has served.

    Agreed to.

15. Ms V Hani moved without notice: That the House extends its condolences to the family, friends and comrades of the former MK operative who served in the military intelligence of the South African National Defence Force, Sizwe Mpolweni, also known as Dlayani Sithole, who died after a long illness.

    Agreed to.

16. Ms J L Hartnick moved without notice: That the House congratulates the ballet dancers Kim Viera (female award) and Jesse Milligan and Ivan Boonzaaier (male award) on being nominated as the best dancers of the year by the Cape Town City Ballet. Ballet dancers that have also been honoured with special acknowledgements are Laura Bösenberg, who received the Geoffrey Nieman and Brian van Rheede Award for Most Outstanding Performance of the Year, and Rosamund Ford, who received recognition for the Most Promising Newcomer of the Year.

    Agreed to.

17. Ms L Brown moved without notice: That the House extends its condolences to the family, friends and comrades of former Gender Commissioner Tebogo Maite, who also served the anti-apartheid movement as an MK operative.

    Agreed to.

18. Ms A J du Toit Marais moved without notice: That the House congratulates the senior Hip Hop team, Vuelta, of the Western Cape on their third place and the bronze medal received by them in the 2013 FISAF International Fitness and Hip Hop Unite World Championships in Belgrade in Serbia. The members of the team are: Marzanne le Roux (coach and choreographer), Wesley Jantjies, Regan Domingo, Ziané le Roux, Kelly Ernstzen, Joseph Louw and Eric Daries.

    Agreed to.

19. Mr M Skwatsha moved without notice: That the House extends its condolences to the family, friends and comrades of youth activist in the anti-apartheid struggle and later member of the African National Congress, Mzuvukile Ntunja, who was buried last week.

    Agreed to.

20. Ms C Labuschagne moved without notice: That the House congratulates the following persons: Avril Crouch, Wendy Horn, Lorna Such, Roeléne Loots, Ingrid Leukes, Junain Adonis, Marsha Schwartz, Hywil Appolis and Christian Hattingh. We note that all of them were honoured in their respective categories for their dedication and service to education in the Province at the Western Cape Teachers' Awards, a function that was held on 8 November 2013.

    Agreed to.

21. Mr K E Magaxa moved without notice: That the House extends its sympathy with those who have lost family members and have been displaced as a result of shack fires over the past few weeks.

    Agreed to.

22. Ms A J du Toit Marais moved without notice: That the House congratulates Louise Driver on the award 'Global Fundraiser of the Year', which she received at the International Fund-raising Evening in the Netherlands. The House also notes that Louise Driver is the head of the 'Children's Hospital Trust'.

    Agreed to.

23. Ms D Gopie moved without notice: That the House extends its condolences to the family and friends of 51-year-old Ralph Smit, who was shot and killed in Lotus River.

    Agreed to.

24. Ms A Rossouw moved without notice: That the House extends its condolences to the family and friends of Joe Dauth, poet, author and biographer of the legendary troubadour of the Tankwas, Dirk Ligter. He died on 6 November 2013 at the age of 76 years.

    Agreed to.

25. Ms B G Mbalo moved without notice: That the House extends its condolences to the family and friends of 15-year-old Chuma Booi, who was stabbed on a bus by eight gang members in Khayelitsha.

    Agreed to.

26. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House extends its congratulations to *The Test Kitchen* in Woodstock and head chef Luke Dale-Roberts on being named the best restaurant in the country for the second year in a row at the annual Eat Out Awards held over the past weekend.

Agreed to.

27. Ms M Tingwe moved without notice: That the House notes with concern that 14 nursery school children in Hermanus have tested positive for TB after being exposed to their teacher's infection after doctors treated her for a chest infection but failed to test for other diseases.

Agreed to.

28. Mr J J Visser moved without notice: That the House congratulates Warren Bam on receiving an award as the most promising young farmer coming from a previously disadvantaged background. This competition is held by Agri SA and the award was received by him at the NASREC Expo Centre in Johannesburg. The House also notes that Bam is from the Western Cape and comes from the farm Lushof in the Tulbagh area of Witzenberg and that two of the other five finalists were also from the Western Cape, namely André Cloete from Caledon and Nicolaas Slinger from Clanwilliam.

Agreed to.

29. Mr H P Geyer moved without notice: That the House congratulates Mr Fanie Nel, Principal of Augsburg Gymnasium and Chairperson of the Western Cape Youth Show, who won the trophy at the Youth Show at Kroonstad for the provincial team who scored most points, as well as Ms Annelien van Wyk, also from Augsburg, of the Western Cape team, who received the trophy for the team with the best administration, and further notes that the learners of the Western Cape received 12 bronze, 13 silver and 13 golden awards.

Agreed to.

30. Ms M Tingwe moved without notice: That the House congratulates 23-year-old Sibahle Tshibika of Khayelitsha, who won the "So You Think You Can Dance" competition on SABC3 and is now able to help build a home for her mother and pay for her grandmother's funeral.

Agreed to.

31. Ms B G Mbalo moved without notice: That the House notes with concern that CapeNature has signed another agreement with farmers allowing them to cull jackal and caracal.

Agreed to.

32. Ms J L Hartnick moved without notice: That the House congratulates Jan Duminy of the Ou Meule Home in Riversdale, who celebrated his 109th birthday on Wednesday, 13 November 2013.

Agreed to.

33. Mr M C Walters moved without notice: That the House congratulates Heinrich Kulsen and Elmarie Botes, two participants from the Cape Winemakers Guild Protégé Programme. The House notes that they have just arrived back from France after taking part in the exchange programme between the Western Cape and Burgundy.

Agreed to.

34. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House congratulates Cape Town on being placed third in a Lonely Planet survey of the best travel destinations in the world for 2014.

    Agreed to.

35. Mr P Uys moved without notice: That the House congratulates Phillip Huisamen of the farm Gifberg near Vanrhynsdorp on being nominated as the Rooibos Farmer of the Year.

    Agreed to.

36. Mr J J Visser moved without notice: That the House welcomes the young people from Witzenberg who are bringing an educational visit to Parliament today, and expresses the hope that they will feel at home here in our midst.

    Agreed to.

37. [16:32] The House discussed the following subject in the name of Ms L Brown:

    The socio-economic state since the DA has been in power.

    Debate concluded.

38. [17:36] FIRST ORDER

    Consideration of principle of the *Western Cape Unauthorised Expenditure Bill* [B 7 – 2013] (Minister of Finance, Economic Development and Tourism).

    Debate concluded.

    Principle of the Bill approved (ANC dissenting).

    Finalisation of the *Western Cape Unauthorised Expenditure Bill* [B 7 – 2013] (Minister of Finance, Economic Development and Tourism).

    There was no debate.

    Schedule agreed to.

    Clauses and Title agreed to.

    Bill finalised (ANC dissenting).

39. [17:57] SECOND ORDER

    Consideration of Report of the Standing Committee on Agriculture and Environmental Planning on the *Sectional Titles Amendment Bill* [B 11B – 2013] (NCOP), dated 7 November 2013 (See Announcements, Tablings and Committee Reports, p 201) (Ratification of final mandate).

    Debate concluded.

    The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP to support the Bill was ratified.

40. [17:58] THIRD ORDER

    Consideration of Report of the Standing Committee on Finance and Economic Development on the *Division of Revenue Amendment Bill* [B 38 – 2013] (NCOP), dated 7 November 2013 (See Announcements, Tablings and Committee Reports, p 201) (Ratification of final mandate).

Debate concluded.

The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament’s delegation in the NCOP to support the Bill was ratified.

41. The House adjourned at 18:06.

R G HINDLEY
Secretary to Provincial Parliament

No 21 - 2013] Vyfde Sessie, Vierde Parlement

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

=======================

DONDERDAG, 14 NOVEMBER 2013

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:17] Interpellasies

4. [14:55] Vrae.

5. [15:40] Verklarings deur Lede.

6. [16:05] Die Hoofsweep stel voor: Dat die Huis die resolusie wat op 17 Oktober 2013 met betrekking tot die *Intellectual Property Laws Amendment Bill* [B 8 B - 2010] aanvaar is, ophef en die Wes-Kaapse afvaardiging in die NRVP met die gesag beklee om nie die wetsontwerp te ondersteun nie.

   Goedgekeur (met teenstem van ANC).

7. [16:11] Die Hoofsweep stel voor: Dat ondanks die bepalings van Reël, 161 (3) die Huis die finalisering van die *Wes-Kaapse Wetsontwerp op Ongemagtigde Uitgawe* [W 7 – 2013] oorweeg sou die beginsel van die wetsontwerp goedgekeur word.

   Goedgekeur (met teenstem van ANC).

8. Me L Brown stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye betuig met die gesin, familie en vriende van dr Pat Gorvalla, ’n toonaangewende sakevrou, ’n voormalige lid van die Raad van die Universiteit van Wes-Kaapland en President van die *Anglican Women’s Fellowship* (AWF), wat die afgelope week oorlede is.

   Goedgekeur.

9. Mnr J J Visser stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis daarvan kennis neem dat die kategoriewenners van die Boer van die Jaar kompetisie al drie uit die Wes-Kaap afkomstig is en derhalwe sy gelukwensinge stuur aan Rossouw Cillie van Ceres, Witzenberg, wat die kategorie Nasionale Boer van die Jaar gewen het, André Cloete, ’n boer van die Overberg, wat as die wenner van die kategorie Nuwe Toetreder tot die Kommersiële Landbou gekroon is en prof Nick Vink van die Universiteit van Stellenbosch wat die toekenning gekry het as die Landboukundige van die Jaar.

   Goedgekeur.

10. Mnr H P Geyer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis mnr Cornelius Paulse gelukwens met sy aanwysing as die Wes-Kaapse Plaaswerker van die Jaar tydens ’n spoggeleentheid op 25 Oktober 2013 op Stellenbosch.

Goedgekeur.

11. Mnr M Skwatsha stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye betuig teenoor die gesin, familie, vriende en kamerade van die voormalige MK-lid, Agnes Nokhatywa, wat in KTC oorlede is.

Goedgekeur.

12. Me A Rossouw stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis mnr Marius Scholtz, die skoolhoof van die Hoërskool Piketberg, gelukwens met sy benoeming onder die toptien-onderwysers, en met die feit dat hy op 9 November 2013 deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement as wenner in die afdeling Uitnemendheid in Hoërskoolleierskap aangewys is. Die Huis neem daarvan kennis dat mnr Scholtz se loopbaan oor langer as 33 jaar strek. Onder sy leiding het dit die Hoërskool Piketberg se hooffokus geword om ’n werk- en leerkultuur te skep. Hy dien as ’n inspirasie vir mede-opvoeders en vir leerders. Ons wens hom voorspoed toe met sy deelname aan die nasionale kompetisie.

Goedgekeur.

13. Mnr M C Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge uitspreek teenoor die Minister van Landbou in die Wes-Kaap, Gerrit van Rensburg, wat onlangs ingelyf is by die *Confrérie des Chevaliers du Tastevin* in Boergondië, Frankryk, ter erkenning van sy bydrae om voedsel en wyn in die Boërgondië-streek in Frankryk te bevorder en voorts daarvan kennis dat dit Minister Van Rensburg se tweede toekenning van dié aard is. In 2012 is hy ingelyf by die *Commanderie du Bordeaux* vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse wynbedryf en vir sy werk om die belang van Suid-Afrikaanse wyne in Frankryk te bevorder.

Goedgekeur.

14. Mnr G C R Haskin stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan suster Maria Goodier van Ruyterwacht, met die prestasie dat sy die jaarlikse Cecilia Makiwane Verpleegkundige toekenning ontvang het, en haar loof weens haar lewenslange toewyding en onbaatsugtige diens aan die mense van die Kaap, oral waar sy diens gelewer het.

Goedgekeur.

15. Me V Hani stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die gesin, familie, vriende en kamerade van die voormalige MK-lid wat in die militêre intelligensie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag gedien het, Sizwe Mpolweni, wat ook as Dlayani Sithole bekend gestaan het, en wat na ’n lang siekbed oorlede is.

Goedgekeur.

16. Me J L Hartnick stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die balletdansers Kim Viera (toekenning vir vroulike danser) en Jesse Milligan en Ivan Boonzaaier (toekenning vir manlike dansers) gelukwens met hul benoeming as die beste dansers van die jaar deur die Kaapstadse Stadsballet. Balletdansers wat ook met spesiale erkennings vereer is, is Laura Bösenberg, wat die Geoffrey Nieman en Brian van Rheede-toekenning vir die mees Uitnemende Optrede van die Jaar ontvang het, en Rosamund Ford, wat erkenning ontvang vir die belowendste opkomende danser van die jaar.

Goedgekeur.

17. Me L Brown stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die gesin, familie, vriende en kamerade van die voormalige Kommissaris van die Kommissie vir Geslagsgelykheid, Tebogo Maite, wat ook in die anti-apartheidsbeweging as ’n MK-lid gedien het.

    Goedgekeur.

18. Me A J du Toit Marais stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die senior Hip Hop span, Vuelta, van die Wes-Kaap gelukwens met die derde plek en bronsmedalje wat hulle tydens die 2013 FISAF Internasionale Fiksheid en Hip Hop Unite Wêreldkampioenskappe in Belgrado in Serwië ontvang het. Die lede van die span is: Marzanne le Roux (afrigter en choreograaf), Wesley Jantjies, Regan Domingo, Ziané le Roux, Kelly Ernstzen, Joseph Louw en Eric Daries.

    Goedgekeur.

19. Mnr M Skwatsha stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die gesin, familie, vriende en kamerade van die jeugaktivis in die stryd teen apartheid en later lid van die African National Congress, Mzuvukile Ntunja, wat verlede week begrawe is.

    Goedgekeur.

20. Me C Labuschagne stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die volgende persone gelukwens: Avril Crouch, Wendy Horn, Lorna Such, Roeléne Loots, Ingrid Leukes, Junain Adonis, Marsha Schwartz, Hywil Appolis en Christian Hattingh. Ons neem daarvan kennis dat hulle almal vereer is in hulle onderskeie kategorieë weens hulle toewyding en diens aan die onderwys in die Provinsie, by die toekennings aan onderwysers van die Wes-Kaap, ’n funksie wat op 8 November 2013 gehou is.

    Goedgekeur.

21. Mnr K E Magaxa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy meegevoel oordra aan diegene wat familielede verloor het en haweloos gelaat is as gevolg van brande in pondokhuisies oor die afgelope paar weke.

    Goedgekeur.

22. Me A J du Toit Marais stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Louise Driver gelukwens met die toekenning ‘Global Fundraiser of the Year’, wat sy by die Internasionale Fondsinsameling Toekenningsaand in Nederland ontvang het. Die Huis neem ook daarvan kennis dat Louise Driver die hoof is van die ‘Children’s Hospital Trust’.

    Goedgekeur.

23. Me D Gopie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die gesin, familie en vriende van die 51-jarige Ralph Smit, wat in Lotusrivier geskiet is en gesterf het.

    Goedgekeur.

24. Me A Rossouw stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis medelye betoon met die gesin, familie en vriende van Joe Dauth, digter, skrywer en biograaf van die legendariese troebadoer van die Tankwas, Dirk Ligter. Hy is op 6 November 2013 in die ouderdom van 76 oorlede.

    Goedgekeur.

25. Me B G Mbalo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye betoon met die gesin, vriende en familie van die 15-jarige Chuma Booi, wat in Khayelitsha op ’n bus aangeval en deur agt bendelede gesteek is.

Goedgekeur.

26. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan die *The Test Kitchen* in Woodstock en die hoofsjef Luke Dale-Roberts met die prestasie om vir die tweede agtereenvolgende jaar as die beste restaurant in die land aangewys te word by die jaarlikse *Eat Out*-toekennings wat die afgelope naweek gehou is.

Goedgekeur.

27. Me M Tingwe stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met kommer daarvan kennis neem dat 14 kinders van ’n kleuterskool in Hermanus positief getoets het vir TB nadat hulle blootgestel is aan die infeksie van ’n onderwyser nadat dokters haar vir ’n borsinfeksie behandel het maar versuim het om toetse vir ander siektes te doen.

Goedgekeur.

28. Mnr J J Visser stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis vir Warren Bam gelukwens met sy toekenning as die belowendste jong boer wat uit ’n voorheen benadeelde agtergrond afkomstig is. Hierdie kompetisie word deur Agri SA gehou en die toekenning is by die NASREC Expo Centre in Johannesburg gedoen. Die Huis let ook daarop dat Bam ’n Wes-Kapenaar is van die plaas Lushof in die Tulbagh-omgewing van Witzenberg en dat twee van die ander vyf finaliste ook Wes Kapenaars is, naamlik André Cloete van Caledon en Nicolaas Slinger van Clanwilliam.

Goedgekeur.

29. Mnr H P Geyer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan mnr Fanie Nel, Hoof van Augsburg Gimnasium en Voorsitter van die Wes-Kaapse Jeugskou, wat op die Jeugskou op Kroonstad die trofee gewen het vir die provinsiale span wat die meeste punte behaal het, asook aan me Annelien van Wyk, ook van Augsburg, van die Wes-Kaapse span, wat die trofee vir die span met die beste administrasie verower het, en voorts daarvan kennis neem dat die Wes-Kaapse leerders 12 brons, 13 silwer en 13 goue toekennings ontvang het.

Goedgekeur.

30. Me M Tingwe stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die 23-jarige Sibahle Tshibika van Khayelitsha gelukwens met die prestasie om as die wenner gekroon te word van die “*So You Think You Can Dance*”-kompetisie op SABC3 en daarop let dat sy nou in staat is om te help om ’n huis te bou vir haar ma en om te betaal vir haar ouma se begrafnis.

Goedgekeur.

31. Me B G Mbalo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met kommer daarvan kennis neem dat CapeNature nog ’n ooreenkoms onderteken het wat dit vir boere moontlik maak om jakkalse en rooikatte uit te dun.

Goedgekeur.

32. Me J L Hartnick stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan Jan Duminy van Ou Meule tehuis in Riversdal wat op Woensdag, 13 November 2013, sy 109de verjaardag gevier het.

Goedgekeur.

33. Mnr M C Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwense oordra aan Heinrich Kulsen en Elmarie Botes, twee deelnemers van die Kaapse Wynmakersgilde Protégé-program. Die Huis let daarop dat hulle pas uit Frankryk teruggekeer het nadat hulle aan die uitruilprogram tussen die Wes-Kaap en Boergondië deelgeneem het.

    Goedgekeur.

34. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis vir Kaapstad gelukwens met die prestasie om derde geplaas te word in ’n opname van *Lonely Planet* oor die beste reisbestemmings in die wêreld vir 2014.

    Goedgekeur.

35. Mnr P Uys stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Phillip Huisamen van die plaas Gifberg buite Vanrhynsdorp gelukwens met die aanwysing as Rooibosboer van die Jaar.

    Goedgekeur.

36. Mnr J J Visser stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die jongmense van Witzenberg wat vandag ’n opvoedkundige besoek aan die Parlement bring, welkom heet en die hoop uitspreek dat hulle tuis sal voel hier in ons midde.

    Goedgekeur.

37. [16:32] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van me L Brown:

    Die sosio-ekonomiese toestand sedert die DA aan bevind is.

    Debat afgesluit.

38. [17:36] EERSTE ORDER

    Oorweging van beginsel van die *Wes-Kaapse Wetsontwerp op Ongemagtigde Uitgawe* [W 7 – 2013] (Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme).

    Debat afgesluit.

    Beginsel van die Wetsontwerp goedgekeur (met teenstem van ANC).

    Finalisering van die *Wes-Kaapse Wetsontwerp op Ongemagtigde Uitgawe* [W 7 – 2013] (Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme).

    Daar was geen debat nie.

    Bylae goedgekeur.

    Klousule en Titel goedgekeur.

    Wetsontwerp gefinaliseer (met teenstem van ANC).

39. [17:57] TWEEDE ORDER

    Oorweging van Verslag van die Staande Komitee oor Landbou en Omgewingsbeplanning oor die *Sectional Titles Amendment Bill* [B 11B – 2013] (NRVP), gedateer 7 November 2013 (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, bl 201) (Ratifikasie van finale mandaat).

    Debat afgesluit.

    Die mandaat wat die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se afvaardiging na die NRVP magtig om die Wetsontwerp te steun, is bekragtig.

40. 18:02] DERDE ORDER

Oorweging van Verslag van die Staande Komitee oor Finansies en Ekomiese Ontwikkeling oor die *Wysigingswetsontwerp op die Verdeling van Inkomste* [B 38 – 2013] (NRVP), gedateer 7 November 2013 (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, bl 201) (Ratifikasie van finale mandaat).

Debat afgesluit.

Die mandaat wat die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se afvaardiging na die NRVP magtig om die Wetsontwerp te steun, is bekragtig.

41. Die Huis verdaag om 18:06.

R G HINDLEY
Sekretaris van die Provinsiale Parlement